



## In hierdie uitgawe...

Voorblad  
Kerknuus:  
Beroepenuus  
Nuus oor predikante  
Advertensies en kennisgewings  
Agterblad

# eHervormer

www.hervormer.co.za

## Voorblad

**2008**

HTS Teologiese Studies / Theological Studies  
Inwydingsfees en gedenklesing van die HTS Jubileum ter viering van  
UP se honderdjarige verjaarsdag  
Dedication Ceremony of HTS Jubilee at UP's 100th anniversary and Commemorative Lecture

## UITNODIGING

Die Voorsitter van die Redaksie van HTS Teologiese Studies en Voorsitter van die Hervormde Dosenteraad van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, Prof J Buitendag, nooi u hartlik uit na 'n vingerete in die Foyer van die Senaatsaal van UP en die oorhandiging van die HTS Jubileum, opgedra aan die Visierektor, prof CR de Beer. By hierdie geleentheid sal die Redakteur van HTS Teologiese Studies 'n publieke lesing lewer en sal die Voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die NHKA, prof TFJ Dreyer, die Universiteit van Pretoria amptelik gelukwens met die honderdjarige verjaarsdag. Die redakteur, prof AG van Aarde, se huldigingslesing is getitel 'The RDP of the Soul' teen die agtergrond van Paulus se appél op toleransie.

**Datum:** Maandag 9 Junie 2008  
**Tyd:** 12:00 tot 13:00  
**Plek:** Senaatsaal van UP



## Kontakbesonderhede:

**Webwerwe/skakels:**  
Webblad van die Hervormde Kerk - [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
Hervormer webwerf - [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer - [www.hervormer.co.za/page03.html](http://www.hervormer.co.za/page03.html)  
Hervormer LIG! - [www.hervormer.co.za/page04.html](http://www.hervormer.co.za/page04.html)

**E-posadresse:**  
Redaksie - [epos@hervormer.co.za](mailto:epos@hervormer.co.za)  
Nuus en berigte - [nuus@hervormer.co.za](mailto:nuus@hervormer.co.za)

## Inhoud:

Die e-Hervormer word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*. Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

## Teken in op e-Hervormer...

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe per e-pos!

Stuur 'n e-pos na [epos@hervormer.co.za](mailto:epos@hervormer.co.za) of besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die 'Teken in'-opsie.



## BEROEPENUUS

### ► Beroepe aanvaar

- Ds Johan Mouton van Premiermyn na Ventersdorp
- Ds Heinrich Botha van Klerksdorp-Doringkruin na Evander

### ► Beroepe bedank

- Ds Stephan Hoffman van Warmbad na Laeveld
- Ds Jan Truter van Letsitele na Groot Marico

## NUUS OOR PREDIKANTE

► **Prop Leslie Kern en sy vrou** word op Sondag 20 April deur sy gemeente Delareyville ontvang. Hy word as predikant georden en in sy standplaas bevestig deur sy vader, ds Paul Kern. Die gemeente was geruime tyd vakant sedert die vertrek van ds Coenraad Strydom na Onverwacht.

► **Ds Barrie Oberholzer en sy gesin** word op Sondag 20 April deur die kombinasie Messina/Van Warmelo ontvang. Ds Oberholzer word in sy standplaas bevestig deur die konsulent, ds Phillip Horn, predikant van Louis Trichardt.

► **Ds Elmiën Snyman en haar gesin** word op Sondag 20 April deur Gemeente Sundra ontvang. Sy word by dieselfde geleentheid deur haar vader, ds Theuns Snyman, in haar standplaas bevestig. Sy was vir langer as vier jaar predikant van die NG gemeente Noupoot, waar sy skitterende werk gedoen het.

► **Dr Jaco Beyers en sy gesin** word op Sondag 20 April deur Gemeente Verwoerdburg ontvang. Dr Beyers word by dié geleentheid in sy standplaas bevestig. Hy was voorheen predikant van Verwoerdburg en het toe ook saam met ds Frikkie Viljoen gewerk.

► **Ds Lammert van Rooyen en sy vrou** word op 20 April deur Gemeente Leeudoringstad ontvang. Hy word by dié geleentheid in sy standplaas bevestig deur sy broer, ds Dirk van Rooyen van Krugersdorp-Wes.


► **Ds Hannes Wolmarans en sy gesin** word op Sondag 20 April deur Gemeente Secunda ontvang. Hy word dan ook in sy standplaas bevestig.

► **Ds Hennie Retief**, predikant van Gemeente Noordrand, emeriteer op Sondag 20 April. Dr Malan Storm sal die emeritaatakte aan hom oorhandig en die Kerk se dank aan ds Retief en sy vrou oordra vir hulle werk in die Kerk

► **Dr Wim Dreyer** vier op Sondag 20 April sy 25ste jaar in die predikantsamp. Hy lei die erediens in sy tuisgemeente Wapadrant.

### ► Predikantevergadering 2008

Predikante word herinner aan die datum van die jaarlikse Predikantevergadering, naamlik 10 September 2008 vanaf 08:30 by die kerkentrum van Swartkop. Die tema sal later bevestig word en saam met nadere besonderhede aan predikante deurgegee word.



# Advertensies en kennisgewings

## ● **Gemeente Barberton: Volsorgstandplaas**

Aansoeke moet die gemeente bereik voor of op 30 April 2008.

### Agtergrond

Gemeente Barberton bestaan sedert 1965 en het tans 180 belydende lidmate. Die standplaas is vakant. Die gemeente beskik oor 'n pastorie langs die kerkgebou en is tot die beskikking van die nuwe predikant. Barberton is 'n plattelandse dorp met twee hospitale en 'n laer- en hoërskool. Bekende kettingwinkels is ook op die dorp gevestig. Susterkerke asook ander kerke het standplase in die dorp.

### Posbeskrywing

Van die suksesvolle kandidaat sal verwag word om as herder en leraar van die gemeente te werk. Die gade indien die suksesvolle kandidaat, manlik en getroud is, sal van sy gade verwag word om as voorsitter van die NHSV op te tree.

### Profiel van die kandidaat

'n Pas afgestudeerde kandidaat word verlang.  
Moet in 'n klein Gemeente asook gemeenskap kan werk en leef.  
Moet die hele spektrum van jeug tot bejaardes bedien.

### Versorgingspakket

Kontanttraktament in ooreenstemming met riglyne van Kerkkantoor.

Voertuigtoelae: Toelaag word bereken met die volgende kriteria:

- \* Voertuigwaarde van R150 000
- \* Kilometers beperk tot 1 200 km per maand

Telefoontoelaag R450 per maand.

### Aansoeke moet gerig word aan:

Kerkraad Gemeente Barberton

Posbus 213

BARBERTON

1300

E-pos: [amariee@mweb.co.za](mailto:amariee@mweb.co.za)

Faks: 086 648 2679

## ● **Gemeente Van der Hoff in Groblersdal** wag die aansoeke in van predikante vir die vakante standplaas.

Dit is 'n volledigversorgde standplaas. Belangstellendes moet asseblief 'n CV en 'n bekendstellingsbrief saam met aansoeke instuur na: [vanderhoff@nhk.co.za](mailto:vanderhoff@nhk.co.za) vir aandag Die Skriba. Die behoefte van die gemeente is prediking en huisbesoek. Kandidate met 10 tot 20 diensjare is welkom om aansoek te doen. Verdere inligting kan aangevra word by bogenoemde e-posadres. Aansoeke sluit op 30 April 2008.


## ● **Carletonville** wag die aansoeke in van predikante vir die vakante standplaas. Dit is 'n volledigversorgde standplaas. Belangstellendes moet asseblief 'n verkorte CV en 'n bekendstellingsbrief saam met aansoeke instuur na:

Die Skriba

Gemeente Carletonville,

Posbus 57, Carletonville 2500

Aansoeke sluit op 15 Mei 2008.



- Aansoeke van gelegitimeerde predikante van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika word ingewag vir die vul van die **standplaas Gaborone, Botswana**.

### **Gemeenteprofie!**

*Ons is 'n dinamiese Christelike tuiste wat biddend die Woord van God leer en sy liefde doelgerig uitleef na alma,* (NHK Gaborone se Visie -- Maart 2008). Gemeente Gaborone is 'n stedelike gemeente in Gaborone, Botswana. Dit is ongeveer 120 km noordwes van Zeerust geleë en is deel van die Ring van Zeerust. Benewens weeklikse eredienste in Gaborone, word ook minstens 18 eredienste per jaar in Lobatse (ongeveer 100 km suid van Gaborone) gehou. In terme van 'n samewerkingsooreenkoms met die NG Kerk, sluit die gemeente se lidmate ook lidmate van die NG Kerk, Gereformeerde Kerke, AP Kerk en Afrikaanssprekendes van ander kerkverbande in. Lidmaatgetalle wissel namate werkspermitte verval, dienskontrakte tot 'n einde kom of nuwe dienskontrakte gesluit word. Tans is daar ongeveer 250 lidmate, waarvan ongeveer 40% dooplidmate -- meestal voorskoolse en laerskoolkinders -- is. Die gemeente se finansiële posisie verg dat gereeld aanvullende fondsinsamelings gehou moet word. Projekinkomste word gebruik ter finansiering van lopende uitgawes, vir barmhartigheid en kapitale projekte. Op hierdie wyse is die gemeente se nuwe kerkgebou bykans voltooi, op 'n kontantbasis.

### **Versorgingsvoordele**

Die versorgingsvoordele behels 'n standplaas met volle versorging en 'n 'totale-koste-tot-gemeente'-pakket van tussen BWP250 000 en BWP370 000 voor belasting, na gelang van ervaring en geskiktheid vir die beroep. Die pakket sluit die volgende voordele in: traktement, 50% van pensioenbydrae, vervoertoelaag, behuisingstoelaag (ten opsigte van huur, sekuriteit, water en elektrisiteit vir die pastorie), telefoon-/internettoelaag en 50% van mediesefondsbydrae.

### **Administratiewe sake**

Indien u wil aansoek doen, stuur 'n volledige *Curriculum Vitae* per pos of e-pos aan die onderstaande adres. Dit moet vergesel word van 'n brief waarin duidelik gemotiveer word waarom u uself as geskik beskou. Hierdie inligting sal in 'n keuringsproses oorweeg word, waarna 'n kortlys saamgestel sal word. Kandidate op die kortlys mag genooi word om op die koste van die gemeente 'n preek te kom lewer en/of 'n onderhoud met die werwingskomitee te voer. Die kerkraad behou die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Aansoeke wat na 28 April 2008 ontvang word, sal nie oorweeg word nie.

Stuur aansoeke aan die skriba, Miranda de Wet:

Tel: 00267 718 72472

Faks: 00267 572 9000

E-pos: [mi@dewetdrilling.co.bw](mailto:mi@dewetdrilling.co.bw) of [sanette7@info.bw](mailto:sanette7@info.bw)

### ● **NOTULEHOUER – NHSV HOOFBESTUUR**

Die NHSV hoofbestuur is op soek na 'n persoon wat sou belangstel in die volgende pos:

- Opstel van agendas vir dag- en hoofbestuurvergaderings
- Afneem van notules tydens vergaderings
- Skryf notules van dagbestuur- en hoofbestuurvergaderings
- Ander administratiewe werk soos benodig by NHSV kantoor


Vereistes: \* Vrouelidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk  
\* Woonagtig te Pretoria  
\* Taalkundig bedrewe

Vergoeding: Kwartaallikse honorarium

Aansoeke sluit: 30 April 2008

Stuur kort CV na: [nhsvhoofbestuur@nhk.co.za](mailto:nhsvhoofbestuur@nhk.co.za) of faks 086 693 7955

Kontakpersoon: Jeanette Fourie 012 325 0117 / 082 429 1565



## ● VAKATURES BY SENTIK

### 1

**Posbenaming:** Sekretaris vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie  
**Aanstellingsdatum:** 1 Augustus 2008  
**Sluitingsdatum vir aansoeke:** 30 April 2008

#### Agtergrond

Met die totstandkoming van die Raad vir SENTIK en die gepaardgaande instelling van 'n uitvoerende sekretaris soortgelyk aan die ander drie sekretarisse in die Kerk, het die verwagtings ten opsigte van hierdie pos, wat boonop aan die redakteurspos van *Konteks* verbind is, aansienlik uitgebrei.

Dit het verder duidelik geword dat die uitgebreide verwagtings wat aan SENTIK gestel word, nie langer deur die huidige posstrukturering geakkommodeer kan word nie.

Tydens 'n werkwinkel van die Raad vir SENTIK met lede van die Algemene Kommissie is op herstrukturering en uitbreiding van bestaande poste besluit. Die Algemene Kommissie het hierdie beplanning en die voorlegging van die Raad vir SENTIK by sy afgelope vergadering goedgekeur. Dit behels onder andere 'n interaktiewe kommunikasie-model wat ondersteun word deur die integrering van die kommunikasie-opdrag in twee nuutsaamgestelde poste, naamlik die pos van Sekretaris (wat hier geadverteer word), asook die nuutsaamgestelde pos van dr Wian Kloppers. Hy het verkies om nie by die bestuurspos betrokke te wees nie, maar eerder by die pos van kreatiewe visuele kommunikasie, wat steeds aan die redakteurskap van *Konteks* verbind word.

Die nuutaangestelde *Sekretaris vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie* sal sterk verantwoordelikheid neem vir die sinchronisering en vaartbelyning van kommunikasie in die Kerk deur die bevordering van kongruente kommunikasie op alle vlakke en tussen alle rolspelers. Dit is dus belangrik dat belangstellendes die volledige posbeskrywing sal bestudeer alvorens hulle oorweeg om vir hierdie pos aansoek te doen.

**Aansoeke:** Moet skriftelik aan die Mannekragbestuurder, mnr Piet Beukes, gerig word by Posbus 2368, Pretoria 0001 of [piet@nhk.co.za](mailto:piet@nhk.co.za) en vergeselsel wees van 'n volledige CV wat aandui hoe die kandidaat aan die posvereistes en profiel voldoen. Belangstellendes kan navrae rig aan mnr Piet Beukes (012 322 8885 of [piet@nhk.co.za](mailto:piet@nhk.co.za)) of dr Wian Kloppers (012 322 8885 of [konteks@nhk.co.za](mailto:konteks@nhk.co.za)). Die volledige posbeskrywing en profiel kan ook van hulle verkry word.


### 2

**Posbenaming:** Grafiese Kunstenaar  
**Om gevul te word:** So spoedig moontlik  
**Aansoeke sluit:** 30 April 2008

Die pligte behels onder andere die grafiese ontwerp en uitleg van korporatiewe visuele konsepte, verskillende publikasies van die Kerk, toerustingsmateriaal en elektroniese kommunikasie.

Die **vereistes** is die volgende:

- Bewese vaardigheid in *InDesign CS3*, *Adobe Photoshop CS3* en *Adobe Illustrator CS3*
- Kennis van e-programme
- Vermoë om stof in pdf persgereed te maak
- Noukeurige taal- en tekshantering
- Bewese ondervinding in die uitleg van boeke, tydskrifte en e-kommunikasie
- Kreatiwiteit, selfdisipline, goeie menseverhoudinge en spanwerkvermoë
- Vermoë om effektief onder druk van sperdatums te werk
- Administratiewe vaardighede binne 'n publikasiekantoor se kommunikasie-opdrag



**Aansoek** moet skriftelik aan die Mannekragbestuurder, mnr Piet Beukes, gerig word by Posbus 2368, Pretoria 0001 of [piet@nhk.co.za](mailto:piet@nhk.co.za) en vergesel wees van 'n volledige CV waarin vorige ondervinding aangedui word. Navrae kan gerig word aan dr Wian Kloppers (012 322 8885 of [konteks@nhk.co.za](mailto:konteks@nhk.co.za)).

- **Die Taakspan** vergader op Maandag 21 April en voer met verskeie gemeentes en ringskommissies gesprek. Die Taakspan staan onder leiding van dr Christo van der Merwe.
- **Die Moderamen** vergader op Donderdag 24 April. Verskeie gesprekke met predikante, ampsdraers en gemeentes word gevoer.
- Op **24 April** kom die lede van die Kerk se Komitee vir Buitelandse Bediening in 'n werkwinkel saam met lede van die NG Kerk en Gereformeerde Kerke om te besin oor die bediening van lidmate in die buiteland.
- **Eerste ringsvergaderings vir 2008**
  - Die Ring van Pretoria-Wes was die eerste om vanjaar te vergader op Maandag 14 en Dinsdag 15 April. Oudl Frik Geyster het die Kommissie by dié geleentheid verteenwoordig.
  - Die Ring van Swellendam vergader te George op Saterdag 19 April. Prof Theuns Dreyer verteenwoordig die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en sal ook toerusting doen.
- **Die Kerkkantoor** sluit die week van Maandag 28 April tot Vrydag 2 Mei. Slegs Dinsdag 29 April en Woensdag 30 April is werksdae. Personeel neem verpligte verlof aangesien die rekenaarsstelsel opgegradeer word gedurende dié week. ***Gemeentes en predikante word versoek om van die reëling kennis te neem.***

## DIE 45STE NASIONALE KONGRES VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE SUSTERSVERENIGING VIND PLAAS OP 3, 4 & 5 JULIE 2008 IN DIE AULA, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, LYNNWOODWEG 264, PRETORIA.


DIE EREPRESIDENT, ERELEDE VAN DIE VERENIGING, PREDIKANTSVROUE WAT DEUR HULLE ONDERSKEIE TAKKE AFGEVAARDIG IS, VOORSITTERS VAN TAKKE WAT NIE PREDIKANTSVROUE IS NIE, VROUEPREDIKANTE VAN DIE KERK WAT DEUR HULLE TAKKE AFGEVAARDIG IS EN HOOGSTENS TWEE AFGEVAARDIGDES VAN ELKE TAK, LEDE MET ADVISERENDE STEM (WAARNEMERS), LEDE MET SPREEKREG (ALLE BELANGSTELLENDENDE VROUELIDMATE) EN DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE KERK OF SY VERTRETTENDIGER WORD HIERMEET NA DIE NASIONALE KONGRES OPGEROEP

- Neem asseblief kennis van die **NHSV kantoor se kontaknommers:**

Selfoonnommer: 072 801 9830

Landlyn: 012 325 0117

Nuwe faksnommer: 0866 937 955



## Konteks dra by tot kinderbeskerming

Kinderbeskermingsweek word vanjaar van 24 tot 30 Mei in Suid-Afrika gevier. Die redaksie van *Konteks* het daarom besluit om in die Mei-uitgawe, wat ook die Hemelvaartuitgawe is, te fokus op kinderbeskerming.

In sy redakteursboodskap skryf dr Wian Kloppers: *'n Kind in 'n eie ouerhuis is seker die mooiste simbool van geborgenheid. Dit is ook die metafoor waarmee ons ewige bestemming uitgebeeld word: kinders in die hemelse woning wat Christus vir ons gereedgemaak het. Dit is waaroor ons hemelvaart vier: Ons het 'n ewige bestemming. Dit gee ons lewe op aarde sin en koers.*

Charmaine Fourie van die Ondersteuningsraad verduidelik wat die nuwe Kinderwet behels.

Daar is 'n liturgie wat spesiaal vir Kinderbeskermingsweek deur dr Elsabé Kloppers saamgestel is, en Tessa Oppermann gesels oor Suid-Afrikaanse kinderboekskrywers en die soort boeke wat ons kinders graag lees. Dr Sanrie de Beer praat met kleingoes om te hoor hoe hulle dink Jesus lyk.

Ds Kathleen Smith van Kaapstad vertel van 'n crèche in Khayelitsha wat deur die MRCC en die Hervormde Kerk bedryf word, en waar kinders leer hoe God deur mense voorsien.

\*\*\* Die Mei 2008-uitgawe van *Konteks* is reeds beskikbaar. Skakel asseblief met mev Cecile Naudé by 012 322 8885 of [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za) as u wil inteken. Die koste is R100 vir 2008, vir 10 uitgawes.

